# Week 1:

## Jeremia 2:1-5, 10-13 en Openbaringe 2:1-5




### Saamgesels *(maak tyd om na mekaar te luister)*

Vertel vir mekaar (‘n) (jou) (die) storie toe jy verlief geraak het en jou hart verloor het.

Hoe het jou verhouding met die Here gewerk? Is daar ‘n storie hoe jy jou hart vir die Here gegee het?

### Wat sê die Bybel? *(maak tyd om na die Woord te luister)*

**Lees Jeremia 2:1-5, 10-13 en Openbaringe 2:1-5, 3:20**

Die realiteit is dat ons verhouding met die Here oor tyd afkoel. Wat dink julle waarom gebeur dit?

- **Watter impak dink julle het sonde?**
- **Watter rol speel ander Christene – positief en negatief?**
- **Hoe affekteer suffering en swaarkry en moeilike sake ons geloof?**
- Enige ander sake wat ons geloof versmoor?
    - As jy een moet kies wat maak dat jou geloof nie groei nie of agteruitgaan, watter een kies jy?

Wat sê **Openbaringe 2**, wat moet ons gaan doen om dit reg te maak?

Wat sê **Jeremia 2**, wat moet ons gaan doen om dit reg te maak?

Dalk is daar ’n belangriker vraag wat ons moet antwoord: **Wat sê hierdie gedeeltes gaan God doen?**
*Hoekom dink julle is dit belangrik dat ons nie hierdie perspektief moet verloor nie?*

### Sluit hierdie Bybelstudie met gebed af *(maak tyd om na mekaar se harte en na die Here te luister)*

- **Wat is daar op jou hart wat jy graag vanaand met die Here wil deel?**
- **Waarvoor wil jy dankie sê?**
- **Wat wil jy vra?**
- **Vir wie bid jy vanaand spesifiek?**

*“The only basis for fruitful Christianity (the only source of our power) is divine union, connection.”*

**Richard Rohr**